SAGES
SENIOR GOLF-GHOLF

**Vrystaat** **Freestate**

# Notule AJV/AGM
## 24 Februarie 2026
## Te Schoemanpark
## Gholfklub
## 10h00

1. Verwelkoming: Voorsitter: Ronnie Menton
2. Opening: Ds Willie Badenhorst
3. Presensielys: Teenwoordig 16 lede Verskoning is gemaak deur 17 lede Schoemanpark baan was gesluit vir spel agv baie nat toestande.
4. Notule van 18 Februarie 2025 gelees deur sekretaresse M Moolman Aanvaar: Raymond Mc Leod Sekondant: Willie Badenhorst.
5. Voorsittersverslag: R Menton, Ronnie was 9 jaar voorsitter van Sages Vrystaat, Hy verhuis na Pennington Natal, Soepie Moolman oorhandig aan Ronnie n afskeids geskenk namens al Vrystaat se lede en die komitee. Ronnie se stem en sy lekker lag sal n groot leemte laat. Ons wens hom en Marti n wonderlike pad vorentoe. Robbie Erasmus bedank Ronnie vir sy teenwoordigheid by die komitee al die pad vanaf Natal
6. Finansiele verslag: Soepie Moolman gaan die state saam met lede deur, en word bedank deur Ronnie Menton en Louis Dixon vir sy werk as tesourier asook vir Tony Pereira wat hom bygestaan het.
7. Lief en Leed: Jaap Botha – breinkanker dit gaan baie sleg met hom. Kobie Breedt se dogter – breinkanker, Estie en Louwrens Conradie se seun limfoonkanker. Johan Botha-ligte beroerte en Beverley Healy – nekoperasie.
8. Belangrike Toernooie vir 2026:
   a} Tommy Scholtzdag – 10 Maart te Schoemanpark gholfbaan
   b] Nationale toernooi – Jimmy Gowans 16 – 20 Maart 2026
   c] Streekstoernooi [mini nationals] 13 en 14 April 2026 word aangebied deur Vrystaat, Schoemanpark gholfbaan.
   d] Vierhoekig Oppenheimerpark gholfbaan aangebied deur Noord Vrystaat.
   e] Driehoekig Schoemanpark gholfbaan, aangebied deur Vrystaat
   f] Kansadag Schoemanpark gholfbaan 18 Augustus 2026
   g] Klubkampioenskappe 10 November 2026 en 24 November 2026
9. Verkiesing van Komitee: Twee nuwe lede word verkies naamlik Basie Crause en Tinus van Wyk. Komitee sal n nuwe Voorsitter kies op volgende komitee vergadering in Maart. Onder Voorsitter Tony Perreira, Tesourier Soepie Moolman, Sekretaresse Magda Moolman, Kompetisie bestuurder Kole Kock, hulpbestuurder Riaan Joubert, Klerebank Beverley Healy bly aan op komitee vir 2026
10. Punte vir bespreking ontvang:
    a] Kleredrag by AJV en jaarlikse prysuitdeling: Hou baadjie by jou. Langbroek, hemp en das asb.
    b]Prysuitdelings by maandelikse spel: Indien n speler nie teenwoordig is nie

verbeur hul die prysgeld en dit gaan dan na die "kitty"

c. As n kompetisie oor een dag strek word die gholfbaan nie gekoop nie. As n kompetisie oor twee dae strek kan komitee dit oorweeg.

d] Spelers se verkiesing vir deelname aan die Nationale toernooi werk op n puntestelsel. Komitee moet besluit oor die toekenning van punte vir die 4 dae van deelname aan die Nationale toernooi.
Die klubkampioen van Vrystaat tak gaan outomaties deur na die Nationale Toernooi.

11. Vergadering verdaag 10h47.

Sekretaresse: Magda Moolman

____________________________

Voorsitter:

____________________________